Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

APRIL 2019

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OMAF - WAT OM TE VERWAG VAN OVERSTRAND SE 2019/20 KONSEPBEGROTING

'n Oorsig van die voorgestelde 2019/20 Konsepbegroting is op Donderdag 28 Februarie 2019 deur die Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee by die Overstrand Munisipale Advies Forum (OMAF) aangebied.

Die burgemeester het verwys na die uitdagende taak om die koste van die verskaffing van basiese dienste aan die inwoners van die Overstrand, sowel as toeriste in ons omgewing, te balanseer met die inkomste wat die Munisipaliteit van hierdie dienste kan genereer.

"Hierdie jaar is nie anders nie. Maar die herstel van die skade aan infrastruktuur wat volg op die verwoestende brande in die Overstrand, die burgerlike onrus van 2018 en die huidige staat van ons land se ekonomie maak ons uitdaging nog groter", het hy gesê.

Burgemeester Coetzee het gesê dit word geprojekteer dat inflasie hierdie jaar 5,3% sal bereik en tot 5,6% in die volgende finansiële jaar sal styg. "Die direktief aan die administrasie was om die verhogings in daardie dienste wat ons kan beheer tot 5,7% te beperk in die 2019/20 konsepbegroting. Dit is teen hierdie agtergrond dat ons die konsepbegroting van 2019/2020 voorberei het. "

"'n Verdere uitdaging waarmee ons weer gekonfronteer word, is die bo-inflasie salarisverhoging wat die regering vir Munisipale Werknemers goedgekeur het. Wanneer die kerf toeneem, wat gemiddeld 2% is en ander toelaes word by die 6,2% salarisaanpassing gevoeg, is die toename nader aan 8.2% per jaar vir drie jaar", het hy bygevoeg.

Die korting op eiendomsbelasting aan persone bo die ouderdom van 60 bly onveranderd. Die parkeertariewe in die Hermanus Sentrale Sakekern (SSK) bly onveranderd vir die boekjaar 2019/2020.

Die heffing van koste vir spoelriolering sal steeds as 70% van verbruikte drinkwater bereken word, met 'n afsnypunt van 35 kl bly ook onveranderd.

Elektrisiteit

"In die voorbereiding van hierdie konsepbegroting het ons voortgegaan om te verseker dat ons basiese koste die koste van diensverskaffing dek en dat die tarief die gebruik dek." Water, riolering en afvalverwydering voldoen aan hierdie maatstaf.

Hy het verder verduidelik dat die koste van die voorsiening van elektrisiteit steeds gesubsidieer word deur die verbruikerstarief. NERSA het 'n verhoging van 15% in die elektrisiteitstarief wat deur ESKOM aan munisipaliteite gehef word, versoek.

"Met die oog op die samestelling van hierdie Konsepbegroting het ons dus 'n toename van 15% in die tarief vir elektrisiteit wat deur ESKOM aan munisipaliteite gehef word, veronderstel," het die burgemeester gesê.

"In lyn met ons strategie dat die basiese heffing vir 'n diens die koste van diensverskaffing moet dek, styg die basiese heffing vir elektrisiteit met 17.5% en die eenheidskoste is met 14% verhoog vir die eerste 350 eenhede, 14,5% vir 351 - 600 eenhede en 15% bo 600 eenhede." Dit lei tot 'n koste-verhoging van ongeveer 15% vir alle huishoudelike elektrisiteitsgebruikers, gebaseer op 'n verhoging van 15% wat deur ESKOM versoek is.

Ander voorgestelde tariewe

Dit word voorgestel dat eiendomsbelasting oorhoofs met 5,7% verhoog word.

Die tarief vir riolering en water verhoog ook met 5,7%.

Burgemeester Coetzee het gesê die uitsondering hier is die tarief vir 0 - 6kℓ water wat met 11,5% styg of 'n toename van R3.46 per maand. Dit is in lyn met 'n nasionale tesourie riglyn dat die vlak en struktuur van watertariewe die kosprys ten volle moet reflekteer. Op die oomblik is die koste van die verskaffing van water sowat R23,40 per kℓ, uitgesluit BTW.

Die tarief vir afvalverwydering styg ongelukkig met 12,86% om die koste van 'n nuwe afvalsel by Karwyderskraal te dek, asook om die Hermanus Oorlaaistasie te skuif.

Diverse tariewe styg met 5,7%. Die koste van A4-fotokopieë bly onveranderd om dit vir leerders bekostigbaar te maak om afskrifte van dokumente te maak.

Die bouplanfooi vir veranderinge van minder as 80m² in die regering gesubsidieerde behuisingskema, is van R463 na R250 verminder.

• Die 2019/20 konsepbegroting sal oop wees vir publieke kommentaar nadat dit op 27 Maart 2019 aan die Raad voorgelê is.

Overstrand Munisipaliteit bemagtig deur bywoning van Blou Vlag strand werkswinkel

Wessa se Blouvlagbestuurder Rob Slater (links) en koördineerder Lance Anders (3de links) gesien by Overstrand kollegas (l-r) Samkelo Tyelinzima, Dencil Arendse, Willie Karelse, Jan Mokgele Mojaki, Lauren Rainbird, Denovan van Rhoodie, DeWet Nel en Jean de Villiers by die Blou Vlag werkswinkel.

'n Werkswinkel is op 22 Februarie 2019 te Gordonsbaai aangebied wat ten doel gehad het om munisipale amptenare te bemagtig om die voordele wat Blou Vlag strand programme inhou, beter te verstaan.

Die werkswinkel is goed bygewoon met die belangstelling getoon deur Munisipale verteenwoordigers van Overstrand, Mosselbaai, Kaapstad, Malmesbury (Yzerfontein) en Agulhas.

In Suid Afrika word die Blou Vlag program bestuur deur WESSA (The Wildlife and Environment Society of South Africa) sedert 2001 en die program bied baie voordele: Verbeterde toerisme fasiliteite, beter bestuur van kus ekosisteme, opvoedkundige bewusmakingsprogramme en uitstekende water-kwaliteit standaarde en fasiliteite.

- Die Overstrand spog met drie internasionaal-erkende Blou Vlag strande: Kleinmond, Hawston en Grotto Strand. Castle Beach in Pearly Beach het ook loods status vir die Blou Vlag ontvang vir die tweede agter-een-volgende jaar wat, indien dit slaag, sal beteken dat Overstrand oor vier Blou Vlag strande sal beskik.

FynArts HERMANUS

Kaartjies vir die mees stimulerende reeks van FynArts konserte, praatjies, werkwinkels, vertonings, voedsel en wyn, volprente en kinder programme is nou beskikbaar. Moenie Pieter-Dirk Uys, Richard Cock, Karen Zoid, Charl du Plessis, televisie persoonlikehede en kokke, insluitend Zola Nene, David Higgs, David Grier, en 'n lang lys van stimulerende sprekers en aanbieders misloop nie.

Weereens, deur te fokus op die visuele kunste, bied FynArts 'n wye reeks van kunste aan by wyse van uitstallings in galerye en ander plekke binne die dorp asook langs die Hermans wynroete.

Die reëls en registrasievorms kan afgelaai word vanaf die webtuiste by www.hermanusfynarts.co.za. Vier Suid-Afrikaanse kunste met 'n program van gebeurtenisse van hoogstaande gehalte. Programme is by die volgende afsetpunte beskikbaar: Hermanus Toerisme kantoor Aanlyn by **www.webtickets.co.za** of **www.hermanusfynarts.co.za** by alle Pick 'n Pay takke landswyd Telefonies by **028 312 2629** gedurende kantoorure.

Smeulende brande beïnvloed vleilande

Ondergrondse brande smeul vir nou meer as 'n maand in dele van die Onrusrivier vleilandgebied wat geleë is op die Camphill skool en die plaas gemeenskap se eiendom.

'n "Artikel 30A" nood aansoek is goedgekeur deur die Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning op Donderdag, 14 Februarie 2019.

Hierdie nood aansoek stel die Camphill plaas gemeenskap in staat om voort te gaan met die implementering van nood maatreëls om die ondergrondse brand te isoleer ten einde te verhoed dat dit versprei en te verseker dat dit geblus word vir die bewaring van die oorblywende vleiland en om die bron van risiko uit te skakel wat dit inhou vir menslike gesondheid, veiligheid en eiendom.

Die brandweer departement het bevestig die brand is uiters gevaarlik. Weens die intensiteit en diepte van die brand is dit prakties onmoontlik om dit met water te doof of op 'n wyse wat nie skadelik vir die omgewing is nie.

In geval waar nie ingegryp word nie sal dit 'n voordurende brandgevaar skep. Indien dringend ingegryp word sal dit moontlik wees om die vleiland te bewaar. In 'n poging om bystand aan die grondeienaar te verleen het die Overstrand se Omgewingsdepartement met vleiland spesialiste op nasionale en provinsiale vlak gekonsulteer asook met CapeNature, Working on Wetlands en SANBI ten einde die beste aksieplan daar te stel om die brand in bedwang te bring.

Die voorgestelde noodmaatreëls behels die volgende:

1. Die grawe van 'n sloot oor die vleiland, ongeveer 200m in lengte.
2. Die bepaling van die diepte en toestand van die moeras. Dit sal die identifikasie van die tipe toerusting moontlik maak om gebruik te word vir die uitgrawings asook of dit meganies of per hand sal geskied.
3. Indien dit meganies sal geskied sal die Munisipaliteit Overstrand 'n masjien beskikbaar stel vir die implementering van die aksieplan. Indien die masjien nie geskik is nie sal ander wyses gebruik moet word.

Die grondeienaar, tesame met die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning sal die aktiwiteite monitor ten einde te verseker dat dit op 'n omgewingsvriendelike wyse geskied.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning befondsing beskikbaar sal maak vir die rehabilitasie van die vleiland nadat die nodige maatreëls geneem is vir die implementering van die nood prosedure.

Die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning het ook versoek dat die gebied oor die volgende drie maande lugfoto's van geneem word om te bepaal of die ondergrondse brand steeds versprei of in bedwang is.

Agtergrond

Die Munisipaliteit Overstrand se Brandweer- en Omgewinsdepartemente het op 30 Januarie 2019 'n ondersoek geloods van verskeie geaffekteerde gebiede van die onlangse Karwyderskraal/Hemel-en-Aarde brand, insluitend die smeulende gedeeltes langs die Onrusrivier in die nabye omgewing van die Camphill skool en die Camphill plaas gemeenskap.

Die ondergrondse brand langs hierdie gedeelte van die Onrusrivier brand reeds sedert 11 Januarie 2019. Die Overstrand brandweerdepartement het aangedui dat hulle nie in staat is om die brand te blus nie. Verdere inspeksie het die implikasies en beduidende negatiewe impakte op die vleiland sisteem aan die lig gebring. Die vleiland word gekenmerk as die enigste oorblywende gedeelte van palmiet plantegroei vleiland wat 'n kritiese rol speel in die funksionering van die Onrusrivier en Onrus riviermonding en is van aansienlike ekologiese belang en moet daarom beskerm word.

Die brand veroorsaak 'n aansienlike hoeveelheid rook wat die lug kwaliteit aansienlik beïnvloed en het 'n nadelige effek op die gesondheid van individue binne die gemeenskap en die skool wat dit nodig gemaak het om die leerders tydelik te hervestig na alternatiewe huisvesting.

Die rooi sirkel dui aan die geaffekteerde vleiland gedeelte en in blou uiteensetting is die bestaande Onrus-vleiland Stelsel.

VIOOL DIALOOG is die titel van 'n konsert wat Overstrand Arts/Kunste (OAK) gaan aanbied: Zanta Hofmeyr met Miro Chakaryan en Olive Sandilands op klavier. Die konsert vind plaas om 15h30 op Sondagmiddag, 28 April, in die Burgersentrum op Hermanus.

Kaartjies is R150 (R60 vir studente) en beskikbaar by die Toerismekantoor (028 312 2629) in Mitchellstraat, Hermanus. Rig enige navrae aan René du Plooy op 082 940 4238.

Oplossing vir smeulende vleilande brand



Onrusrivier
19 Februarie 2019: 07h45



Onrusrivier
08 Februarie 2019



Onrusrivier
19 Februarie 2019

Op Donderdag, 14 Februarie 2019 het Munisipaliteit Overstrand se Omgewingsdepartement, verteenwoordigers van die Camphill Skool en plaasgemeenskap, Cape Nature, Working on Wetlands en Enviro Wildlife, sowel as ander rolspelers op nasionale en provinsiale vlak met die welbekende vleiland kundige, Dr. Piet-Lous Grundling vergader om te besin oor hoe 'n einde gebring kan word aan die ondergrondse brand in die Onrusrivier turfagtige vleilande gebied. Hierdie ondergrondse brand smeul nou meer as 'n maand in dele van die Onrusrivier vleilande wat geleë is op die eiendom van die Camphill skool en plaas gemeenskap.

Probleem

Die brand veroorsaak 'n aansienlike hoeveelheid rook wat die lug kwa-liteit beïnvloed en het 'n nadelige effek op die gesondheid van individue binne die gemeenskap en die skool wat dit nodig gemaak het om die leerders tydelik te skuif na alternatiewe huisvesting. Hierdie vleiland word gekenmerk as die enigste oorblywende gedeelte Palmiet plantegroei vleiland wat 'n kritieke rol speel in die funksionering van die Onrusrivier en die Onrus riviermonding en is van groot ekologiese belang.

'n Oplossing

'n Dringende "artikel 30" aansoek is deur die Wes Kaapse Departement van Omgewingsaangeleenthede en Ontwikkelingsbeplanning goedgekeur om voort te gaan met die implementering van nood maatreëls om die ondergrondse brand te isoleer ten einde te verhoed dat dit versprei en te verseker dat dit gerus word vir die bewaring van die oorblywende vleiland en om die bron van risiko uit die skakel wat dit inhou vir menslike gesondheid, veiligheid en eiendom.

Na deeglike inspeksie en verskeie toetse, is twee bestaande kanale gevind wat heel moontlik in die vroeë 1950/60 gebou is (voor die De Bos dam in 1976 gebou is). Hierdie kanale kan aangewend word vir dieselfde doel as wat die voorgestelde kanaal sou dien. Dit is daarom nie nodig om addisionele slote te grawe nie. Die rede waarom die brand nie verder versprei het binne die oorblywende palmiet vleiland nie kan toegeskryf word aan die bestaan van die bestaande kanale.

Die pad vorentoe

- **Korttermyn:** Die smeulende brandpunte is swaar oorgroei met indringer plantspesies wat die verwydering daarvan noodsaaklik maak. Ongelukkig is die gebied nog steeds baie warm ondergronds wat dit moeilik en gevaarlik maak.
  Die rook kan ongelukkig nie aangespreek word tot tyd en wyl die smeulende brandpunte geblus is nie.
- **Mediumtermyn:** Nadat die indringer plantspesies verwyder is kan die grondeienaars aansoek doen vir fondse vir die rehabilitasie van die Onrusrivier vleiland gebied.
- **Langtermyn:** Indien Nasionale fondse bekom kan word vir die rehabilitasie van die rivier, sal hierdie unieke vleiland weer optimaal funksioneer.

Dit sal nie alleen die kwaliteit en kwantiteit van die water van die Onrusrivier verbeter nie, maar sal 'n merkbare verbetering van die ekosisteem teweegbring en daarom ook die algehele welstand van die stelsel.

Dit sal jare neem om die rehabilitasie en herstel van hierdie stelsel te voltooi en sonder die bystand van regeringsorganisasies, grondeienaars en ander rolspelers soos *Enviro Wildlife*, sal ons in die langtermyn nie daarin slaag.

Foto krediet: Rob Erasmus, Enviro Wildfire

Op die foto is Neil Bright (MOTHS Fish Hoek), Kaptein Hayter (King's Royal Rifle Corps UK), Burgemeester Dudley Coetzee en sy vrou Shirley, Eerw. James Gray en programdirekteur Frank Halforty by die herdenking van die sinking van die HMS Birkenhead.